Maandag
Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7. Teks: Mal. 3: 17. Tema: "God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer." Ons leef werklik in ŉ gemeenskap waar die gemeenskap en ook die kerke nie meer die verskil wil raaksien tussen goddeloses en dienaars van God nie. Alles en almal word geestelik gelykgestel. Die onderskeid tussen goddeloses en kinders van God word weggeneem en mag nie meer gemaak word nie. Dit is die nuwe geloofsbelydenis van die Israeliete in die tyd van Maleagi: “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense.” Hierdie is die nuwe verdraaide evangelie. Die geloofsbelydenis: “God vergeef sondaars deur die offer wat Hy gee”, is vervang met hierdie nuwe geloofsbelydenis: “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense.” Met hierdie nuwe geloofsbelydenis wys Israel as volk van die Here hulle diep minagting vir sy liefde vir hulle as kinders. U mag nie Maleagi verkeerd lees nie! Hier is God besig om met sy kinders in sy liefde te praat, kinders wie Hy insluit in sy liefde. God is nie hier besig om te veroordeel, te vervloek of te straf nie. Hy kom en spreek sy kinders in sy liefde aan om hulle vir sy liefde te behou. Húlle, egter, het ŉ diep minagting gekry vir sy liefde omdat Hy as God ŉ onderskeid maak tussen wie Hy lief het en wie Hy haat. Dit is hoe God Hom met die eerste verse van hierdie boek openbaar: “Ek het julle lief, sê die Here, ... Esau was tog Jakob se broer, sê die Here, en tog het Ek Jakob liefgehad en vir Esau gehaat.” (1: 2). Die geweldige ironie is dat die volk Israel se woede en aggressie teen hierdie uitverkiesende liefde van God is, terwyl hulle dié is wat God gekies het om lief te hê. Hierdie woede teen God se liefde vir hulle en sy haat teen goddelose wys in die wyse waarop hulle God elke keer met passiewe woede antwoord in God se gesprek in Maleagi waarin Hy hulle in sy liefde aanspreek. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag
Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7. Teks: Mal. 3: 17. Tema: "God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer." Israel is kwaad vir God omdat sy liefde hulle onderskei van goddeloses in die gemeenskap. God verklaar sy liefde vir hulle in een sin: “Ek het julle lief.” (1:2) Hulle reageer op God se liefdesverklaring só: “Hoe het U ons lief?” Daar kan nie ŉ meer minagtende verwerping van verklaarde liefde wees as met hierdie teenverklaring nie. Wanneer God dan op hierdie minagtende verwerping van sy liefde Israel aanspreek: “Julle behandel My met minagting”(1: 7) reageer hulle presies net weer met dieselfde minagting teenoor God met die uitdagende teenvraag: “Hoe het ons U te na gekom?” Weer eens stel hul hulself teenoor God op as die regters wat eis dat Hy hierdie, volgens hulle, ongegronde belediging teenoor hulle moet verduidelik. In 2:17 stel die Here dat hulle Hom moeg maak met wat hulle oor Hom sê. Dit verwys na hulle nuwe geloofsbelydenis: “Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep!” (2: 10) God het hulle uitgekies en deel van sy verbondsliefde gemaak, en só afgeskei van die goddeloses wie nié deel van sy verbondsliefde is nie. Hierop sê hulle vir God: ons en goddeloses is almal deur u geskep, ons is almal u kinders. Weer eens reageer hulle met uitdagende minagting en eis dat God oor hierdie,

volgens hulle, ongegronde bewering teenoor hulle moet rekenskap gee. “Waarmee het ons Hom moeg gemaak?” Wanneer God vir hulle oproep om hulle van hierdie uitdagende minagting te bekeer tot sy liefde vir hulle, daag hulle God weer uit om aan hulle te moet verduidelik hoekom eis Hy nou van hulle bekering: “Waarom moet ons, ons bekeer? (3: 6.7) Met hierdie weerspannigheid wys Israel vir God hul woede omdat sy liefde hulle van goddeloses onderskei. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Woensdag
Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7. Teks: Mal. 3: 17. Tema: "God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer." Wie vra só vir God, wanneer God jou insluit in sy liefde en aanspreek in die liefde wat Hy vir jou het: “Hoe, waarom, wat... HERE?” Hier is Jakob woedend teenoor God omdat Hy Jakob liefhet en Esau haat, want dit is sy broer, deel van dieselfde gesin, dieselfde familie en dieselfde gemeenskap! God openbaar die diepte van hulle minagting teenoor sy liefde daarom in hierdie woorde: “ ’n Seun eer sy vader en ’n slaaf sy eienaar. As Ek dan Vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here is, waar is die eerbied dan vir My?”(1: 6) Hiermee stel God dan die werklike probleem aan die orde: die Here stel aan hulle dat Hy nie in sy liefde vir hulle verander het nie. Inteendeel, dit is sý liefde wat hulle nog die héle tyd in stand hou. (3: 6) Dit is nie God wie se liefde anders geword het dat hulle Hom kan minag dat Hy liefdeloos is nie. Dit is húlle liefde vir God wat húlle wil verander! Hoe wil hulle, hul liefde vir God verander? Hulle doen dit met drie nuwe geloofsbelydenisse:

1. Die eerste nuwe geloofsbelydenis oor God het u in 2: 10 gehoor: “Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep!”

2. Die tweede nuwe geloofsbelydenis oor God hoor u in 2: 17 b: “Julle het dit gedoen toe julle gesê het: vir die Here is almal wat verkeerd doen goeie mense, Hy hou van hulle”.

3. Die derde nuwe geloofsbelydenis klink in vraagvorm só: “Waar is die God wat reg moet laat geskied?” wat eintlik ’n stelling is dat God onregverdig is.

Met hierdie drie nuwe geloofsbelydenisse verander hulle, húl liefde vir God wat hulle vir sy liefde gekies en geheilig het, na ’n algemene houding dat God van álle mense hou - nie lief het of haat nie - en, dat álle mense dieselfde God aanbid! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.
[08/20, 16:28] Petrus Kriel: Donderdag
Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7. Teks: Mal. 3: 17. Tema: "God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer." Hoekom het die Israeliete hul liefde vir God verander? Antwoord: Want hulle wou in die gemeenskap ’n nuwe waardestelsel vestig. Wanneer God hulle verby al die wanbeelde, beskuldigings en nie-eintlike sake vat en op sy volgehoue troue liefde wys, kom die die régte rede vir

hulle gegriefdheid openlik aan die orde. Israel verklaar hulle nuwe lewenswaarde in die gemeenskap kort en kragtig só: “Dit is nutteloos om God te dien.” (3: 14) Dít is ŉ verklaring teenoor die verbondsliefde van God wat beteken dit is vir hulle nutteloos om ŉ God te dien wat sy kinders in die gemeenskap lief het, maar goddeloses buite sy verbondstrou haat. Om God te dien wat ŉ ONDERSKEID tussen mense in die gemeenskap bring deur sommige lief te hê en ander te haat, is nutteloos vir die nuwe gemeenskapswaardes waarin hulle wil leef! Hulle wil in ŉ gemeenskap leef waar God van almal hou, waar almal goeie mense is of hulle nou reg of verkeerd doen, en die onregte in ŉ gemeenskap Gód se skuld is - nie sondaars se skuld is nie! Hoe is dit nuttig om met só God (wat onderskeid tussen mense maak) saam te leef in die gemeenskap wat hulle wil hê? Jy kan nie. Maar met so ŉ god wat almal gelyk maak en op wie jy skuld kan pak, kan jy met elke mens maak wat jy wil, soos jy wil, wanneer jy wil en hoe jy wil, om jou eíe belange te bevorder - sonder dat jy gebind is deur die liefde van God wat jou laat leef in die ONDERSKEID van reg en verkeerd. In so ŉ gemeenskap (wat Israel nou wil hê) maak elkeen met almal wat hy wil en almal moet glo alles is goed bedoel en almal is goeie mense, en alles wat verkeerd loop is God se skuld wat nie vir almal ŉ goeie Vader kan wees nie. Hulle kan nie in God se liefde met hierdie godlose gemeenskapswaardes leef nie en wil dáárom hul liefde vir Hom verander. Dis wat Israel nou doen. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7. Teks: Mal. 3: 17. Tema: "God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer." Die sug na ŉ nuwe godlose gemeenskapsorde met nuwe godlose gemeenskapswaardes maak dat Israel die offers wat hulle bring minag om hul minagting vir God (wat sy KINDERS LIEFHET en GODDELOSES HAAT), mee te wys. Hulle wys hul minagting vir God se (volgens hulle) nutteloosheid deur vir Hom blinde, gesteelde, lam, siek en verminkte diere te offer! (1: 8, 12 – 14) Ons mag ons nie misgis dat God net beter offerdiere wou hê nie. Géén offer in die Ou Testament was óóit bedoel as iets wat God NODIG het nie! Dit was tekens wat God se KINDERS nodig het - nie God nie. Met hierdie offer het God hulle gewys dat Hy hulle so lief het dat Hy hulle nie vir hul sondes sal straf en vernietig nie, maar ŉ ander offer in hul plek vir hul sondes sal gee. Die offers het hulle juis gewys op God se verbondsliefde teenoor hulle waar húlle nie geoffer of gestraf word nie, maar God wel góddeloses se sondes straf! Deur verminkte, lam, blinde, gesteelde en siek offers te gee, het hulle hul minagting gewys vir God se verbondsliefde wat húlle nie straf nie, maar goddeloses wel straf. Het hulle, hul minagting vir God gewys omdat Hý onderskei tussen dié wat Hy lief het en dié wat Hy haat. Hulle wil ŉ God hê wat van álmal hou, vir Wie niks so verkeerd is nie dat dit gestraf moet word en vir wie álle mense goeie mense is. Hul woede teen God wie lief het én haat wys hulle deur sy offer en altaar te minag! Dit is hoe die nuwe geestelikes vandag in die naam van Christus nuwe goddelose gemeenskapswaardes wil vestig asof dít die Here se kerk se waardes is. Hoe doen hulle dit? Deur die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Jesus

Christus te MINAG as die offer vir sondaars se sondes. Hul preek ŉ Christus wat net ŉ mooi lewensvoorbeeld is, maar nie meer die offer vir sonde is nie, want dan móét hulle die onderskeid tussen gelowiges en goddeloses erken. Dít wil hulle nie doen nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra
Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7. Teks: Mal. 3: 17. Tema: "God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer." ŉ Nuwe geslag geestelikes in Suid Afrika wil nie meer in die godlose, sekulêre gemeenskap ŉ onderskeid sien tussen wat vir God reg en vir God verkeerd is nie.
Alles moet nuttig vir mense wees
* soos húlle wil,
* wanneer hulle wil,
* hoe hulle wil
* en met wie hulle wil. Daarom mag daar ook nie ŉ God wees wie sy kinders lief het in die gemeenskap en goddeloses in die gemeenskap haat nie. Maar die god van die gemeenskap wat húlle stig is ŉ nuttelose god wat
* van alles en almal hou,
* vir wie sonde nie meer sonde is nie
* en gehoorsaamheid nie meer gehoorsaamheid is nie,
omdat alle mense vir hom goeie mense is.
Dit is die god van die moderne Humanisme. Die geestelikes van hierdie wêreld wil in die kerk hiérdie god as god van die kerk vestig. Waarom? Sodat hulle nie deur God se liefde (wat 'n onderskeid tussen mense maak) in húlle humanistiese gemeenskap kan sien wat reg en verkeerd is nie. Daarom is hul woede en minagting teen die altaar! Hulle wys hul minagting vir God se offer deur Christus te minag as die Here wie mens geword het om die offer onder die wet te wees om ons vir God se liefde los te koop. Christus is nou net god (hulle valse god) se liefde vir alles en almal, maar nie meer die offer van God (die Here) se liefde vir sy kinders nie. Ons kan en mag ons self nie uitlewer aan hierdie minagting van God ons Vader - net omdat goddeloses vir ons kwaad is dat God ons lief het - nié! Waarom nie? Want God gaan nie verander nie! Hy gáán sy kinders lief hê én Hy gáán goddeloses haat! Kom ons hoor die oproep van die Here deur Maleagi: Kom ons bekeer ons van hierdie algemene god wat sondes goedkeur as die liefde van goeie mense omdat hy van alles en almal hou. Kom ons keer ons weer in die liefde van God, met eerbied vir sy liefde, waardeur Hy vir ons die offer vir ons sonde is, sodat ons weer kan onderskei tussen sonde en liefde, tussen minagting vir God en diens aan God! Want ons ís sy geliefde kinders! Kom ons gaan dien God in hierdie goddelose gemeenskap in Suid Afrika! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus